

## HOOFSTUK VYF

### 'N EVALUERENDE ONDERSOEK NA DIE VOORLIGTINGSVERRYKINGSPROGRAM DEUR DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA TE EERSTERUST

#### 5.1 INLEIDING

In die voorafgaande Hoofstuk (Vier) is die agtergrond en onstaangeskiedenis, rasionaal, struktuur, doelstellings en in konteksplasing van die Eersterustprojek en spesifiek die 'Voorligtingsverrykingsprogram' uitgelig. Vervolgens gaan in hierdie hoofstuk aandag geskenk word aan die navorsingsmetode (s) wat gevolg is en om die program op wetenskaplike wyse te evalueer. Sodoende gaan gepoog word om die positiewe rendemente wat die program opgelewer het, uit te wys, maar ook die minder geslaagde aspekte wat in die program geïdentifiseer is.

#### 5.2 'N BESKRYWING VAN DIE WETENSKAPLIKE NAVORSINGSMETODE

Volgens Jaeger (in Borders & Drury, 1992:3) kan daar onderskei word tussen twee soorte evaluering naamlik, *Formatiewe evaluering* en *Summatiewe evaluering*. Eersgenoemde evaluasie impliseer dat evaluering plaasvind met die verloop van die program. Op dié wyse word die positiewe en minder geslaagde aspekte van die program voortdurend geïdentifiseer en kan veranderings tydens die program se implementering gemaak word. *Summatiewe evaluasie* vind plaas na voltooiing van die program en kan antwoorde bied op die algemene effektiwiteit van die program. Die 'Voorligtingsverrykingsprogram' kan deur albei evaluasie wyses geëvalueer word, deurdat daar enersyds voortdurend tydens die program veranderings aangebring is deur die programaanbieder en andersyds die program na afloop daarvan, deur die navorser geëvalueer word. *Formatiewe evaluering* het plaasgevind gedurende die program, toe die effektiwiteit van die 'Hoërskoolbelangstellingsvraelys' (HSB) later in twyfel getrek is en dit deur die 'Selfondersoekvraelys' (SOV) vervang was (vergeelyk paragraaf 4.4.3). Vervolgens gaan die kwalitatiewe navorsingsmetode teenoor die kwantitatiewe navorsingsmetode toegelig word, ten einde te motiveer waarom van watter metode gebruik gemaak is tydens implementering van die 'Voorligtingsverrykingsprogram'. Myburgh & Poggenpoel (1995:5) konstateer die volgende oor die

keuse van kwalitatiewe navorsing teenoor kwantitatiewe navorsing: *"The type of questions to which answers are sought predetermine to a large extent the most applicable type of strategy that ought to be followed. If the researcher intends to obtain answers aimed at providing knowledge that is exploratory, descriptive and give- in -depth and holistic descriptions, then the researcher has no option but to follow a qualitative research strategy"*. Die kwalitatiewe navorsingmetode sal vervolgens belig word, asook die kwantitatiewe navorsingmetode.

### **5.2.1 Kwalitatiewe Navorsing**

Volgens Van der Merwe (in Garbers (red.), 1996:291) hou kwalitatiewe navorsing verband met die ontwikkeling van teorieë en begrip. Die ideaal is om die mens tot beter selfbegrip en groter insig in sy situasie te bring en om dus 'n beter begrip van menslike gedrag en ervarings te hê. Gevolglik word gepoog om die prosesse waardeur mense betekenis gee, te verstaan en om te beskryf wat daardie betekenis is; empiriese waarneming staan voorop. Die kwalitatiewe navorser beskou homself, anders as die kwantitatiewe navorser, nie as 'n insamelaar van die 'feite' van menslike gedrag nie. Gevolglik poog die kwalitatiewe navorser nie om verifikasie en uitbreiding van teorieë nie en om navorsers in staat te stel om oorsake te bepaal en menslike gedrag te voorspel nie.

Die kwalitatiewe navorsingsmetodologie sluit in direkte waarneming, 'n oorsig van verskillende dokumente en artefakte, deelnemende waarneming en oop-einde, ongestruktureerde onderhoudvoering. In kwalitatiewe navorsing verskuif die navorser se posisie as buitestaander na 'n posisie van intersubjektiewe ingesteldheid van 'n binnestaander en as deelnemende betrokkenheid (as instrument) (Van der Merwe in Garbers (red.), 1996:291-292). Kwalitatiewe data se fokus is op ervaarde ervarings en betekenis wat mense op prosesse en strukture plaas, hul vooroordele en persepsies op dinge en mense in korrelasie met die sosiale wêreld rondom hulle. Hierdie tipe navorsingmetode is die geskikste om hipoteses te ontwikkel en te toets (Miles & Huberman, 1994:10) (vergelyk paragraaf 6.3). Vervolgens gaan kwalitatiewe navorsing toegelig word in terme van die tipe/soort, die beskrywing en hoe dit aangewend is in die studie.

**Tabel 5.1: Kwalitatiewe navorsing**

TIPE/SOORT	BESKRYWING	AANWENDING IN DIE STUDIE
<b>Geen voorkennis in die konteks nie</b>	Tydens hierdie navorsingsmetode word nie vooraf van die navorser verwag om kennis te dra van die navorsingstudie nie.	Die nodigheid was nie daar vir die programaanbieder om oor voorkennis van die Eersterust-jeugdige te beskik nie.
<b>Hipotese genererend</b>	Volgens Mouton & Marais (1992:38) beweeg navorsers dikwels op terreine waarvoor geen of weinig gestruktureerde modelle en teorieë bestaan. Nuwe modelle en hipoteses moet dan gegeneer word wat as vetrekpunt in toekomstige studies kan dien. Die navorsing word gevolglik breedweg gelei deur algemene hipoteses of vermoedens.	(Vergelyk Hipotese formulering/stelling van die studie in paragraaf 1.5).
<b>Induktiewe benadering</b>	Minder gestruktureerd en die navorser moet probeer om verbande en samehange te vind. (Van der Merwe (in Garbers (red.), 1996:287). Redenasie vind plaas vanaf spesifieke ervarings na algemene waarhede.	Gedurende die program onder bespreking het ongestruktureerde waarneming en onderhoudvoering met die Eersterust-jeugdiges plaasgevind. Sodoende was persoons- en loopbaanverkenning gedoen, ten einde die jeugdige van hulp te voorsien vir hul naschoolse loopbane.
<b>Fenomenologiese benadering</b>	Volgens Krefting (1991:215) impliseer die fenomenologiese benadering dat die navorser poog om die betekenis van gebeure en interaksies van gewone mense in spesifieke situasies te verstaan. Die vraag word gevra hoe dit was om 'n sekere ervaring te hê?. Die doelwit is om die ervaring van die fenomeen wat bestudeer word te beskryf en nie om teorieë of 'n model te veralgemeen nie.	Die fenomeen die 'Eersterust-jeugdige' en sy spesifieke ontwikkelingsfase-behoeftes en ook onderwys- en voorligtingbehoeftes word bestudeer en beskryf.
<b>Ontledingseenheid: Individue en groepe</b>	Die volgende vrae kan gevra word oor die ontledingseenheid: Is individue betrokke? Wie? Watter soort? Is studente of adolessente byvoorbeeld betrokke? Watter ouderdom, opvoedingspeil, handelinge; skoolprestasie en kerkbywoning is van toepassing op die persone wat betrokke is? (Van der Merwe in Garbers (red.), 1996:294) (vergelyk Mouton & Marais, 1992:40-42).	In die program onder bespreking is individue sowel as groepe hanteer. Die individue (jeugdige) se historiesiteit, opvoedkundige behoeftes en voorligtings- en beradingsbehoeftes is aangespreek. Die groepe se studiegeoriënteerdheid en voorligtingsbehoeftes is ook aangespreek.
<b>Longitudinale/ Diachronies</b>	Navorsing van die ontledingseenheid wat oor 'n lang tydperk strek is longitudinale/diachroniese	Die Eersterust-jeugdige is oor 'n tydperk van agt jaar bestudeer tydens die verloop van die 'Voorligtingsverrykingsprogram'.

	<p>navorsing. Hierdie soort studies is veral geskik om byvoorbeeld veranderings in houdings, situasies en gedrag in tyd te bestudeer, aldus Van der Merwe (in Garbers (red.) 1996:295).</p>	<p>Die impak van dié program op die betrokke jeugdiges kon bestudeer word. Veranderinge kon aangebring word aan die program en die assesseringsmedia wat aangewend was, ten einde te poog om die mees effektiewe diens te lewer.</p>
<p><b>Idiografies</b></p>	<p>Volgens Davey &amp; Reeler, soos aangehaal deur Kruger, (1992:7) is die woord <b>idiografies</b> afkomstig van die Griekse prefiks "<b>idio</b>" wat beteken <b>ie, persoonlike, private, aparte en onderskeidende</b> en die Latyns-Griekse suffiks "<b>graphicus</b>" wat <b>tekening of skets</b> beteken. Daarvolgens dui <b>idiografies</b> op die wetenskaplike se aantekening van die persoonlike en private ervaring van 'n individu wat te onderskei is van algemene waarneming.</p> <p>Die idiografiese metode is volgens bogenoemde skrywers geïmplementeer vir die verkryging van 'n persoonsbeeld as 'n intensiewe studie van die individu en sy/haar optrede wat nie aan die hand van statistiese ondersoeke en wette van kousaliteit verklaar kan word nie. Idiografiese navorsing poog gevolglik om die mens in sy lewensituasie te evalueer.</p> <p>Oosthuizen en Mulder (soos aangehaal deur Kruger, 1992:45) vind by bogenoemde aansluiting en benadruk dat die idiografiese metodes die individuele leerder ondersoek. Dié metodes is meestal kwalitatief van aard en is gerig op 'n verstaan van die individu se leefwêreld en die konstituering van 'n persoonsbeeld.</p>	<p>Tydens die verloop van dié program is persoonsbeelde van voornemende Universiteit van Pretoria-kandidate verkry, ten einde te poog om hul lewensituasie beter te verstaan. 'n Persoonsonderzoekverslag is na implementering van die persoons- en loopbaanverkenning= ningsmedia van al dié genoemde kandidate saamgestel.</p>
<p><b>Die navorsingsdoelstelling</b></p>	<p>Marshall &amp; Rossman (1989:78) identifiseer die volgende tipes navorsingsdoelstellings:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ <b>Beskrywende studies</b> het ten doel om dit wat akkuraat en noukeurig is te beskryf, byvoorbeeld: <ul style="list-style-type: none"> <li>- 'n Diepgaande beskrywing van 'n spesifieke individu of groep.</li> <li>- Die bied van 'n filosofiese basis.</li> <li>- 'n Beskrywing van die frekwensie waarmee 'n bepaalde eienskap in 'n steekproef voorkom.</li> </ul> </li> </ul>	<p>Die navorsingsdoelstelling is nooit nêr verklarend, verkennend of beskrywend nie. Die 'Voorligtingsverrykingsprogram' se navorsingsdoelstelling kan hoofsaaklik as 'n beskrywende studie beskou word aangesien daar 'n diepgaande beskrywing van die Eersterust-jeugdige en hul herkoms en agtergrond voorsien word, asook van die onderwys- en voorligtingsituasie. Die Eersterust-jeugdige se niveau van selfverwerkliking en georiënteertheid word ook beskryf.</p>

- 'n Statistiese opsomming.
- Sistematiese klassifikasie van veranderlikes.
- Korrelasionele studies.
- Verbande tussen veranderderlikes.

Metodes om data in te samel is deur in-diepte onderhoudvoering, vraelyste, onopsigtelike evaluering en deelnemende observasie.

- **Verkennde studies** fokus op die verkenning van 'n relatief onbekende terrein. Die oogmerke kan die volgende wees:

- Nuwe insigte oor die verskynsel in te win.
- Nuwe hipoteses oor 'n bestaande verskynsel te ontwikkel.

Marshall & Rossman (1989:78) meld die volgende metodes om data in te samel: Deelnemende observasie en in-diepte onderhoudvoering. Metodes waardeur verkennende navorsing gedoen kan word is:

- 'n Oorsig van bestaande, toepaslike literatuur.
- 'n Opname onder mense wat ervaring van die probleem het.
- 'n Ontleding van insig.
- Stimulerende voorbeelde as 'n voorondersoek om tot meer gestruktureerde studies te dien.
- Sentrale konsepte en konstruksie te ekspliseer.
- Prioriteite vir verdere navorsing vas te stel.

- **Verklarende studies** het ten doel die aantoon van oorsaaklikheid tussen veranderlikes of gebeurtenisse. Metodes om data in te samel is: Deelnemende observasie, in-diepte onderhoudvoering, vraelyste en dokument-analising (Marshall & Rossman, 1989:78) (vergelyk Van der Merwe in Garbers (red.), 1996:295-296).

Dié program onder bespreking kan egter ook as 'n verkennende studie beskou word, aangesien hipoteses tydens dié program kontinu gegenereer en tydens onderhoudvoering geverifieer is. Die metodes wat hier aangewend is vir 'n verkennende studie, is die bestaande literatuur wat ten aansien van die Bruinmense en hul herkoms en ook hul onderwys- en voorligtingsituasie gekonsulteer is. Die Eersterust-jeugdige se ontwikkelingsfase (puber- en adolessensiefases) is ook bestudeer. Semi-gestruktureerde onderhoude is gevoer met drie kundige persone wat oor kennis beskik aangaande Eersterust en die maatskaplike probleme wat daar figureer (vergelyk paragraaf 2.9 en bylaag A). Prioriteite vir verdere navorsing word voorgestel en aanbevelings gemaak (vergelyk paragraaf 6.6).

Dié program kan egter ook as 'n verklarende studie beskou word, aangesien daar gepoog is om die oorsaaklikheid tussen veranderlikes of gebeurtenisse aan te toon (tydens die program en die projek as sulks, is daar gepoog om die oorsake te vind vir die swak skolastiese prestasies en ongunstige matriekresultate en om die mees geskikte na-skoolse studies voor te stel. Die uitkoms daarvan was die implementering van die Eersterust-Onderwys=verrykingsprojek en dan veral die 'Voorligtingsverrykingsprogram'

<p><b>Die drie basiese navorsings-ontwerpe</b> lei gewoonlik tot 'n keuse tussen opname studies, eksperimentele studies of veldwerk. (Van der Merwe in Garbers (red.) 1996:296).</p>	<p>Van der Merwe in Garbers (red.) (1996:296-297) bied die volgende bespreking van opname studies en veldwerk. Eksperimentele studies gaan nie bespreek word nie aangesien dit nie van toepassing is op dié studie nie.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ <b>Opnames</b> het die volgende kenmerke: <ul style="list-style-type: none"> <li>- Enige navorsingsdoelstelling word geakkomodeer, maar is gewoonlik beskrywend of verklarend.</li> <li>- Gewoonlik is dit verteenwoordigend.</li> <li>- Opnames is óf longitudinaal óf kruis-seksioneel.</li> <li>- Opnames is gewoonlik onafhanklik van 'n spesifieke konteks (groepe word gewoonlik statisties saamgestel deur middel van steekproeftrekking).</li> </ul> </li> <li>▪ <b>Veldwerk:</b> Veldwerk is veral verkennend óf beskrywend: <ul style="list-style-type: none"> <li>- Vind plaas in die natuurlike omgewing.</li> <li>- Veldwerk het min kontrole en studies is gewoonlik nie verteenwoordigend nie.</li> <li>- Veldwerk vind plaas oor 'n tyd en is normaalweg longitudinaal.</li> </ul> </li> </ul>	<p>Die Voorligtingsverrykings-Program het veldwerk (onderhoudvoering) en opnames ingesluit. Die onderhoudvoering het veral met die voornemende UP-kandidate plaasgevind met berading waar die Lewenskundighede- en -vaardighede vraelys problematiese areas uitgewys het en daarna kon dié areas aangespreek word. Die opnames wat gemaak was tydens dié program was longitudinaal en was beskrywend en verklarend met betrekking tot die UP-kandidate (vergelyk vroeëre bespreking van beskrywende- en verklarende studies).</p>
<p><b>Metodes van data-insameling</b> is onderhoude, waarneming, dokumente en projektiewe tegnieke (Werkgroep: Die Kwalitatiewe Navorsingstrategie (Universiteit van Pretoria, 1998:1).</p>	<p><b>'Werkgroep: Die Kwalitatiewe Navorsingstrategie'</b>, Universiteit van Pretoria, 1998:1) bied die volgende metodes van data-insameling:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ <b>Onderhoude is:</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>- Fenomenologies.</li> <li>- Dwing die navorser om gefokus te wees.</li> </ul> </li> <li>▪ <b>Waarneming</b> Die wyses is deelnemend en nie-deelnemend. Metode om data vas te lê is: veldnotas: waarneming, teoreties, persoonlik, metodologies, video-opnames, films en foto's.</li> <li>▪ <b>Dokumente</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>- Indien dit betreffende die</li> </ul> </li> </ul>	<p>Die metode van data-insameling het tydens die program die volgende behels: onderhoude wat met die individuele kandidate gevoer is (veral studie=georiënteerdheid en om 'n beeld van elk te kan vorm rakende die lewensopvatlike en lewenskundighede- en vaardighede), projektiewe tegnieke en waarneming (ten einde ingrepe vir berading te voorsien indien kandidate se situasie dit noodsaak). Sodoende het die programaanbieder persoons- verkennend- en loopbaan- verkennend opgetree.</p>

	<p>leerder is, is dit klinies byvoorbeeld, die intelligensie kwosiënt.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- Dokumente kan gevind word in argiewe, koerante, beleidsdokumente, wette, toesprake en in hofsake.</li> </ul> <p>▪ <b>Projektiewe tegnieke</b></p> <p>Die strategieë is gevallestudies en etnografieë. Volgens Krefting (1991:215) is die doel van etnografiese navorsing om sosiale probleme/kompleksiteite te beskryf en behels die ontwikkeling van teoretiese konstrakte.</p>	
--	--	--

## 5.2.2 Kwantitatiewe navorsing

Van der Merwe (in Garbers (red.), 1996:290-291) maak die uitspraak dat hierdie soort navorsing afgestem is op teorie toetsing, die vasstelling van feite, statistiese beskrywing en die aantoon van verbande tussen veranderlikes en voorspelling. Geykte metodes en tegnieke soos eksperimente, opnames, gestruktureerde waarneming en onderhoude word gebruik om die ideale van diagnose, behandeling, beheer en voorspelling te bereik. Klem word op die metodologie geplaas, aangesien geredeneer word dat 'die regte metode' sal lei tot die waarheid. Die navorser verkies om op die agtergrond te bly en nie betrokke te raak nie en handhaaf 'n objektiverende ingesteldheid met die oog op verkryging van vermeende groter objektiwiteit. Vervolgens gaan die kwantitatiewe navorsingsmetode telkens toegelig word vanuit die tipe/soort, 'n beskrywing en die aanwending in hierdie studie.

**Tabel 5.2: Kwantitatiewe navorsing**

TIPES/OORT	BESKRYWING	AANWENDING IN DIE STUDIE
<b>Bestaande kennis</b>	Die herkoms van die Bruinmens en die stand van die Bruinjeugdige se onderwys en voorligting.	Tydens die 'Voorligtingsverrykingsprogram' het die program-aanbieder kennis gedra van die Eersterust-jeugdige se herkoms, sy ontwikkelingsfase en sy onderwys- en voorligtings-geïntegreertheid.
<b>Deduktiewe benadering</b>	<p>Hierdie benadering is veralgemenend. Die HAT (Odendal <i>et al.</i>, 1997:132) bied die volgende betekenis van 'deduktief': "<i>Wat op afleiding berus; wat van die algemene na die besondere redeneer.</i>"</p> <p>Navorsing is gebaseer op die oorspronklike wetenskaplike metode.</p>	Die programaanbieder het oor agtergrondkennis van die Eersterust-jeugdige beskik, maar nie oor die kennis van watter invloed die 'Voorligtingsverrykingsprogram' op hul keuses van loopbane en algehele menswees in die toekoms sou hê nie. Hierdie gegewens moes na afloop van die betrokke program gevind word. Hierdie studie as evaluering van die betrokke program, kan die invloed van dié program op die betrokke jeugdige moontlik bepaal deurdat deur die navorser bepaal is wie wel aan UP kom studeer het en hoe hul akademiese rekords en vordering daar uitsien en in watter mate hul wel ingeskryf het vir aanbevole kursusse.
<b>Hipotese toetsend</b>	<p>Volgens Jacobs <i>et al.</i> (red.), (1992:113) is 'n wyse waarop die hipotese "getoets" kan word om die vereistes waaraan 'n hipotese moet voldoen as kriteria aan te wend om die sinvolheid van die hipotese vir die navorsing te bepaal. Die uitkoms van hierdie evaluering is dat die hipotese:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- Betekenisvol en waardevol, asook aanvaarbaar vir die navorsingsdoeleindes sal wees.</li> <li>- Helder en duidelik geformuleer sal wees omdat die betekenis daarvan presies en duidelik tot die navorser sal spreek en hom oproep tot probleemoplossing.</li> <li>- Die hipotese deur middel van navorsingprosedures verifieerbaar sal wees.</li> </ul> <p>Gebruikmaking van 'n voortoets- en natoets kontrole groepstudies; naamlik: twee groepe 'n eksperimentele- en 'n kontrole groep</p>	Tydens implementering en verloop van die "Voorligtingsverrykingsprogram" is nie van 'n voortoets- en natoets kontrole groepstudies gebruik gemaak nie en gevolglik was daar nie 'n eksperimentele en kontrole groep nie, maar 'n eksperimentele groep. Die evaluering van dié program vanuit die kwantitatiewe navorsingmetode is gevolglik nie haalbaar nie. Die hipoteses en alle inligting kon wel geverifieer word met die onderhoude wat deur die programaanbieder met die voornemende UP-kandidate gevoer was (vergelyk paragraaf 6.3).



<b>Nomoteties</b>	Tydens toetsing gaan dit byvoorbeeld oor die berekening van 'n rekenkundige gemiddeld en dan sou die metode nomoteties wees. Nomotetiese metodes samel gegewens in oor 'n groep leerders. Dié metode is gevolglik meestal statisties en kwantitatief van aard. (Oosthuizen & Mulder soos aangehaal deur Kruger, 1992:45).	Tydens die 'Voorligtingsverrykingsprogram' is gegewens ingesamel van 750 standerd sewe en 210 standerd tien Eersterustleerders. Die 'RGN' het die betrokke gegewens vir die programaanbieder statisties verwerk en sodoende kon die resultate ten aansien van die seuns se resultate per jaargroep teenoor die dogters beskikbaar gestel word en kon vergelykings gemaak word van seuns teenoor dogters en jaargroepe teenoor mekaar. Die genoemde gegewens was ten aansien van die voornemende UP-kandidate se biografiese gegewens en is daar persoons- en loopbaanverkenning opgetree, ten einde vak- en loopbaankeuse aanbevelings te kon maak.
-------------------	---	---

### 5.2.3 Die term Triangulasie

Volgens Baarda, De Goede & Teunissen (1998:96) is die term '**triangulatie**' (driehoeksmeting) afkomstig uit die landmeetkunde. Hierdie metode impliseer dat as binne een ondersoek vanuit verskillende invalshoeke (metodes) gegewens versamel word, word 'n beter beeld van die situasie verkry. Triangulasie beteken dat twee of meer metodes saamsmelt en mekaar komplementeer. Krefting (1991:219) maak die volgende uitspraak oor triangulasie "*Triangulation is a powerful strategy for enhancing the quality of the research, particularly credibility. It is based on the idea of convergence of multiple perspectives for mutual confirmation of data to ensure that all aspects of a phenomenon have been investigated*". Jaeger in Sanders (red.), 1992:34) vind hierby aansluiting en konstateer dat besluite in triangulasie eerder op drie of meer bronne gebaseer is as net op een bron. Tydens die implementering van die 'Voorligtingsverrykingsprogram' is van beide die kwalitatiewe- en kwantitatiewe navorsingmetodes gebruik gemaak, ten einde die fenomeen: 'Die invloed van die Voorligtingsverrykingsprogram op die Eersterust-jeugdige te evalueer'.

Myburgh & Poggenpoel (1995:8) is van mening dat ongeag van watter strategie (kwalitatief of kwantitatief) gevolg is, moet die volgende vier kriteria toegepas word om geldigheid en betroubaarheid te verkry naamlik, waarheidsgetrouheid, aanwendbaarheid, digtheid en neutraliteit.

## 5.3 'N EVALUERING VAN DIE VOORLIGTINGSVERRYKINGS-PROGRAM

Die HAT (Odendal *et al*, 1997:205) definieer die begrip 'evalueer' as "Skat, takseer, waardeer" (vergelyk paragraaf 1.3.3.1). Sanders (red.), 1992:3) is van mening dat suksesvolle programontwikkeling nie kan gebeur sonder evaluering nie. Hy stel vervolgens dat evaluasie rigting skenk vir alle veranderings en verbetering van skoolprogramme en dat behoeftes só geïdentifiseer kan word en/of verwagte uitkomst resulteer. Jaeger (in Sanders (red.), 1992:3) vind hierby aansluiting en maak die volgende uitspraak oor evaluering: "*Evaluation gives direction to everything that we do, when changing and improving school programs. It is the process used to identify needs. It is the process used to set priorities among needs and to translate needs into program objectives or modifications of existing objectives. ...It is the process used to monitor and adjust programs as they are implemented. It is the process used to determine whether a program is resulting in desired outcomes, and why the outcomes are as they are. It is the process used by outsiders to determine whether a program should be supported, changed, or terminated.... In short, evaluation is an essential part of the improvement of school programs*"

Die 'Voorligtingsverrykingsprogram' kan geëvalueer word, indien bepaal word of doelwitrealisering plaasgevind het en vervolgens gaan 'n blik hierop gewerp word.

### 5.3.1 Doelwitstelling en die bepaling van die realisering daarvan

Ten einde die 'Voorligtingsverrykingsprogram' se suksesvolheid, al dan nie, te bepaal moet aandag geskenk word aan die doelstellings. Die doelwitte het aandag geniet in Hoofstuk Vier (vergelyk paragraaf 4.3) en sal vervolgens bondig genoem word. *Die oorhoofse doelstellings* van die program volgens die "**Voorlegging vir die befondsing van 'n onderwysverrykings-program waarby die Universiteit van Pretoria en skole in die gemeenskappe in die Pretoria-area betrokke is**" (Coetzee, 1996:4-5) soos in paragraaf 4.3 gestel, sal vervolgens kortliks belig word:

Belangrike doelwitte van die Eersterustverrykingsprogram was om kundigheid in die twee sekondêre skole te help vestig sodat die skoolvoorligters self die voorligting aan die leerders kon behartig. Hulpverlening moes plaasvind om 'n leerkultuur te help vestig en indien beter vakprestasies in matriek deur die leerders behaal kon word, kon leerders eerder aan keuringsvereistes voldoen en kon die oorskakeling van matriek na universiteit of technikon ook vergemaklik word. Die Eersterustverrykingsprogram het gevolglik uit vakhulp, onderwyseropleiding, assessering bestaan en die 'Voorligtingsverrykingsprogram' het ook hulp ten aansien van vakkeuses en loopbaankeuses en die ontwikkeling van 'n universiteitskultuur gebied het (vergelyk paragraaf 4.3). Die 'Voorligtingsverrykingsprogram' het egter ook hulp verleen ten opsigte van universiteitsbeurse en lenings aan

kandidate wat potensiaal getoon het. Oorbruggingskursusse, soos 'Projek Renaissance' was ook vir die kandidate deur die programaanbieder gereël (vergelyk paragraaf 4.4.1).

Die bepaling van die mate waarin die programdoelwitte gerealiseer het sal vervolgens bespreek word. Die positiewe uitkomst van die program onder bespreking gaan toegelig word uit verslae wat deur die belanghebbende persone saamgestel is, maar ook die nie-toereikende aspekte gaan aandag geniet.

### 5.3.2 Die 'Voorligtingsverrykingsprogram': Rendemente en nie-toereikende aspekte

Volgens die "Notule van die vergadering van die werkgroep insake onderwysaspekte in Eersterust" (Coetzee, 14 November 1993:3) en die "Departement Ortopedagogiek se Eersterustprojek: Jaarverslag" (Universiteit van Pretoria, 1996:3), het die Eersterustprojek die volgende *positiewe rendemente* gelewer oor die jare se programverloop:

- ◆ Die hulpverleningsprogram het inderdaad bygedra tot verbeterde onderrigbevoegdheid en verbeterde leerprestasies, soos geblyk het uit die verslae van die hoofde, onderwysers en hulpverleners, asook die matriekuitslae.
- ◆ Onderwysers was betrek by situasie-analises, doelwitbepalings en strategiese-oorwegings.
- ◆ 'n Onderskeid kon getref word tussen werklike en vermeende behoeftes.
- ◆ Sommige leerders wat nie by dié program betrokke was nie, het ook beter presteer en dit dui moontlik op die oordrag van kundighede en vaardighede.
- ◆ Leerders met werklike potensiaal was geïdentifiseer.
- ◆ 'n Bewustheid van universiteits- en ander tersiêre opleidingsentra was nie net by die leerders nie, maar ook by die gemeenskap geskep.
- ◆ Entrepreneurskap was bevorder.
- ◆ Studente uit Eersterust het volgens navorsing meer sinvolle keuses van studierigtings gemaak (veral universiteitskursusse).
- ◆ Die slytasie (uitsak- en druipsyfers) onder studente uit Eersterust was kleiner (Volgens 'n navorsingsprojek wat in 1993 uitgevoer is deur die navorser, doktor F Malan. Die slytasie inligting is beskikbaar in die 'Eersterustprojek Voorligtingsverrykingsprogram Opsommende Verslag', (Malan, 1993:5-25).
- ◆ Goedgesindheid teenoor die Universiteit van Pretoria is bevorder.
- ◆ Die administratiewe personeel wat die registrasie van nuweling eerstejaarstudente hanteer, het vermeld dat studente uit Eersterust beter ingelig was wat betref hulle studiekursusse en dit het gevolglik die oriëntering van die studente en hulle ouers vergemaklik.

*Die nie-toereikende aspekte* van dié program wat geïdentifiseer is, is die volgende volgens die “Notule van die vergadering van die werkgroep insake onderwysaspekte in Eersterust” (Coetzee, 14 November 1990:3) en volgens die “Departement Ortopedagogiek se Eersterustprojek Jaarverslag” (Universiteit van Pretoria, 1996:1) (vergelyk paragraaf 5.3.6). Die volgende nie-toereikende aspekte wat belig gaan word is van toepassing op die Eersterustonderwysverrykingsprojek, sowel as op die ‘Voorligtingsverrykingsprogram’ as intrinsieke deel daarvan.

- Swak/wisselende bywoning. Die klasbywoning van die leerders het volgens die bogenoemde Eersterustprojek Jaarverslag, 1996 verslag gaandeweg verswak sodat slegs ‘n beperkte aantal leerders die middagklasse bygewoon het.
- Weinig onderwysbetrokkenheid het plaasgevind.
- Groot agterstande was opgedoen in die laer standerds.
- Nie al die leerders was entoesiasies nie.
- Leerders wat hulp die meeste benodig het, het nie opgedaag vir die aktiwiteite van die Onderwysverrykingsprogram, sowel as die ‘Voorligtingsverrykingsprogram’ nie.
- Lukraak selektering van lestemas het plaasgevind deur die onderwysers van die betrokke twee Eersterust sekondêre skole.

Die 1992 verslag van “Interaktiewe televisiegebaseerde afstandonderrigprojek vanaf UP-Hoofkampus na Eersterust” (Universiteit van Pretoria, 1992:1) het die volgende voorstelle gemaak hoe die Eersterustprojek verbeter kon word:

- ♣ Die onderwysers moes meer by die program betrek geword het.
- ♣ Die klasbywoning van die leerders moes verbeter word.
- ♣ Die hulpverleningsdoelstellings moes beter gepresiseer word deur vakinhoudelike probleme duideliker te bepaal het.
- ♣ Probleemoplossingstrategieë moes verbeter word.
- ♣ Leerders moes meer doelgerig voorberei word vir universiteitstudie eerder as om die hulpverlening direk af te spits op beter vakprestasie.

In die “Notule van die vergadering van die beplanningskomitee van die Eersterust-onderwysprojek” (Coetzee, 5 Februarie 1991:2) het Weidemann (voormalige skoolhoof van Prosperitas skool) die besonder goeie slaagsyfers wat in die 1990 eindeksamen behaal was vermeld en in die besonder in daardie vakke waarin bystand verleen is. Hy het egter daarop gewys dat die vaksimbole aantoon dat daar nog plek vir verbetering was. In dieselfde dokument was Marcus (akademiese hulpverlener van UP) se siening dat probleme in die hoër standerds hulle oorsprong in die laer standerds gehad het. Sodoende is op dié vergadering aanbeveel dat die onderwysers van die laer standerds ook betrek moes word by die Eersterustvakvergaderings.

### **5.3.3 'n Oorskou van die leerdersprofiel van deelnemers aan die 'Voorligtingsverrykingsprogram' met spesifieke verwysing na die UP-kandidate**

Die 'Voorligtingsverrykingsprogram' is vanaf 1989 tot 1996 deur verskeie leerders deurloop en deur die verloop van dié genoemde aantal jare was 750 standerd sewe leerders en ongeveer 210 standerd tien leerders betrokke (vergelyk paragraaf 4.4.1). Een- en veertig van hierdie kandidate was later ingeskrewe studente aan die Universiteit van Pretoria. Hierdie spesifieke kandidate se betrokke universiteitsprestasies sal vervolgens van nader beskou word.

Tot en met Desember 1998 het vyftien leerders wat die program deurloop het grade aan die Universiteit van Pretoria behaal en vier van hierdie leerders het hul nagraadse studies suksesvol voltooi. Vier van die Eersterustprojekleerders wat ingeskrewe studente was het gestaak en agt leerders se studies is opgeskort. Vyf leerders moes aansoek om hertoelating doen. Die volgende nagraadse grade is behaal deur die Bruinstudente wat deel gehad het aan die 'Voorligtingsverrykingsprogram': MA. in Afrikaans met lof (standerd tien in 1989), LLB. (standerd tien in 1990), BA. (HONS) in Staatsleer (standerd tien in 1990), B.COM. (HONS) (standerd tien in 1990) en B.COM. (HONS) in Menslike Hulpbronbestuur (standerd tien in 1991).

Die Bruinstudente wat deel gehad het aan die 'Voorligtingsverrykingsprogram' en wat aan die Universiteit van Pretoria gestudeer het of nog steeds studeer, se prestasies kon deur verskeie faktore beïnvloed word. Die 'Voorligtingsverrykingsprogram' kan as een van die beïnvloedende faktore genoem word. Die evaluering van dié program se invloed op die studente wat wel aan die Universiteit van Pretoria gaan studeer het, word bemoeilik deur die feit dat die Bruinstudente nie net van die twee genoemde Eersterust sekondêre skole afkomstig is nie, maar van 48 tradisionele Bruinskole (Inligting beskikbaar gestel deur die Departement Institusionele Navorsing, Universiteit van Pretoria, 1999).

### **5.3.4 'n Waardebepaling van die voorligtings- en beradingsingrepe in die lewens van die Eersterust-jeugdiges**

Die leerders van Eersterust wat deelgeneem het aan die Eersterustprojek en dan veral aan die 'Voorligtingsverrykingsprogram' het die geleentheid gehad om onderrig en begeleiding te ontvang deur gespesialiseerde- en kundige persone. Die 'Voorligtingsverrykingsprogram' was onderneem deur 'n geregistreerde sielkundige wat 'n assesseringsprogram vir die onderhawige program saamgestel het wat bestaan het uit gestandaardiseerde en ongestandaardiseerde persoons- en loopbaanverkenningmedia (vergelyk paragraaf 4.4.1). Sodoende kon 'n persoonsbeeld saamgestel word uit die leerders se aanlegbeeld, belangstellingsbeeld, persoonlikheidsbeeld, studiebeeld, 'n lewenskundigheds- en

vaardigheidsbeeld en 'n lewensopvatlike beeld. Aanbevelings in verband met vakkeuses (in standerd sewe) en loopbaankeuses (in standerd tien) is gevolglik op 'n wetenskaplike wyse geïmplementeer. (vergelyk Figuur 5.1 vir 'n voorstelling van wat die programaanbieder gepoog het om aan te bied en te bereik tydens die asssering van die 'Voorligtingsverrykingsprogram') (vergelyk ook paragraaf 2.4).

Volgens Alberts en Lewis (in Naude & Bodibe, 1990:118) is die volgende karakteristieke van kliënte belangrik indien assesering plaasvind. Die toepassing daarvan op die 'Voorligtingsverrykingsprogram' en die Eersterust-jeugdige sal deurentyd uitgewys word.









- ✓ **Die kliënt se ouderdom;** vind die gekose asseseringsmedia aansluiting by die kliënt se ouderdom?. Die asseseringsmedia wat tydens die program onder bespreking gebruik was, was deurentyd ouderdomstoepaslik.
- ✓ **Die vlak van die kliënt se ontwikkeling en dan spesifiek verstandelike ontwikkeling** (in die geval van verstandelike gestremdheid en ook intellektuele begaafdheid). Die aanlegtoetse wat tydens die program geïmplementeer was, het 'n aanduiding gegee van die vlak van intellektuele ontwikkeling en vir die leerders met besondere begaafdheid is universiteitsbeurse gereël vir verdere studies.
- ✓ **Die taal waarin die asseseringsmedia afgeneem en geïnterpreteer word, moet verkieslik die kliënt se keuse wees.** Tydens die programverloop het die assesering hetsy in Afrikaans of Engels plaasgevind, afhangende van die leerders se moedertaal.

### 5.3.5 'n Evaluering van die slytasie situasie aan die Universiteit van Pretoria

Slytasie impliseer die studente wat die Universiteit verlaat sonder die behaling van 'n voorgraadse graad of diploma: per bevolkingsgroep. 'n Onderzoek na slytasiegetalle deur die 'Afdeling: Institusionele Navorsing en Beplanning' by die Universiteit van Pretoria het aan die lig gebring dat hierdie Universiteit jaarliks 'n groot persentasie nuweling eerstejaarstudente verloor (Malan, 1993:25). Hierdie studente verlaat die universiteit tydens hulle eerste studiejaar, óf skryf nie weer in vir hulle tweede jaar van studie nie. Gedurende 1992 alleen het 15.1% van nuweling eerstejaars óf gedurende die jaar gestaak, óf nie weer ingeskryf vir 1993 nie. Hierdie groot getal stakings is om verskeie redes 'n probleem vir die Universiteit:

- a. Indien 'n student voor 'n spesifieke sensusdatum staak verloor die universiteit subsidiegelde ten opsigte van daardie student.
- b. Moontlike toekomstige inkomste gaan verlore deurdat die student nie weer vir die volgende jaar inskryf nie.
- c. Indien die student vir 'n kursus ingeskryf was waar keuring betrokke is, beteken dit dat sy plek eerder deur 'n ander student ingeneem kon word wat nie suksesvol gekeur was nie, maar wat dalk wel in staat kon wees om sy studies suksesvol te voltooi.
- d. Die feit dat 'n student sy studies staak hou nie net onnodige finansiële implikasies vir die universiteit in nie, maar ook vir die student self, sy ouers en moontlik ook vir sy beurs- of leninggewers.

Volgens die **Eersterustprojek Voorligtingsverrykingsprogram Opsommende Verslag** (Malan, 1993:26) het die suspisie ontstaan dat daar wel sekere faktore mag voorkom wat meer oorheersend is in die groep universiteitsverlaters, as in die groep studente wat voortgaan met hulle tweede- en daarop volgende studiejaar. Ten einde te bepaal of daar wel sulke oorheersende kenmerke voorkom is sekere faktore geïdentifiseer wat moontlik 'n invloed kan hê op die student se besluit om die universiteit te verlaat, al dan nie. Die geïdentifiseerde faktore in 1993 was die volgende:

-  Die student se gemiddelde matrieksimbool.
-  Die student se M-Telling.
-  Die ouderdom van die student.
-  Die betrokke student se geslag.
-  Die student se bevolkingsgroep.
-  Die student se huistaal.
-  In die geval van manlike studente, of die student al diensplig verrig het.
-  Koshuisinwoning in een van die universiteit se koshuise.

Elkeen van die bogenoemde faktore sal kortliks bespreek word ten einde 'n waardebeoordeling te maak as 'n bydraende faktor tot 'n student se staking van sy studies.

### **5.3.5.1 'n Onderzoek na die invloed van 'n student se gemiddelde matrieksimbool**

Volgens die 'Eersterustprojek Voorligtingsverrykingsprogram Opsommende Verslag' (Malan, 1993:5-7) blyk die gemiddelde matrieksimbool wel 'n invloed op die slytasiekoers te gehad het. Studente in die A tot C groepe het 'n relatief lae slytasiekoers (5.3% tot 10.5%), terwyl studente in die E en F groepe weer hoër slytasiekoerse gehad het (30.3% en 52.2%) onderskeidelik. In die geval van studente wie se gemiddelde simbool onbekend was, was die slytasiekoers ook hoog (44.6%). Die enigste groep wat nie 'n beduidende invloed op die slytasiekoers uitgeoefen het nie is die D-groep, wie se koers van 17.9% steeds effens hoër was as die gemiddelde slytasiekoers.

Swak prestasie in matriek het dus 'n betekenisvolle invloed op die gemiddelde slytasiekoers (15.1%). Hierdie koers kan verlaag word indien studente met 'n E en F gemiddelde óf weggewys word, óf gemotiveer en begelei word in hulle studies op universiteitsvlak. Hierdie leiding kan geskied deur middel van ekstra klasse wat konsentreer op die student se studiegebied, óf deur konsultasie-sessies met die student te hou om moontlike probleme op te los en studievaardighede te verbeter, óf deur 'n kombinasie van ekstra klasse en konsultasie. Die gemiddelde matrieksimbool en veral 'n lae simbool speel beslis 'n rol in die samestelling van die slytasiekoers (Malan, 1993:19).

### **5.3.5.2 'n Onderzoek na die invloed van 'n student se M-Telling**

Die M-telling is 'n metode wat al hoe meer deur universiteite aangewend word om te help by die keuring van studente (Malan, 1993:8). Hierdie metode is gebaseer op 'n student se matrieksimbole en die moeilikheidsgraad (Hoër- of Standaardgraad) waarop hierdie simbole behaal is. 'n M-telling word bereken op die volgende wyse: Deur aan elke simbool op verskillende vlakke 'n gewig toe te ken en dan hierdie gewigte bymekaar te tel, kan 'n student 'n M-telling van tussen 0 en 30 behaal, wat dan 'n aanduiding is van wat die student se prestasie in matriek was. Die M-Telling is 'n meer doeltreffende metode van prestasie-meting. In 'n prestasie-meting stelsel wat slegs op die student se gemiddelde matrieksimbool gebaseer is, is dit moontlik dat goeie en swak simbole mekaar kan uitkanselleer, wat dan 'n resultaat lewer wat nie werklik 'n student se potensiaal akkuraat peil nie. Die gebruik van die M-Telling proses skakel hierdie probleem grotendeels uit.

Aangesien daar so 'n noue band tussen die M-Telling en die gemiddelde matrieksimbool bestaan, kan die M-Telling 'n nuttige hulpmiddel wees by die bepaling van 'n student se vermoë om in 'n spesifieke studierigting te studeer. Hiermee word bedoel dat spesifieke matriekvakke wat vir 'n studierigting op



universiteit vereis word groter gewig kan dra as ander vakke wat nie vir so 'n studierigting vereis word nie en kan bepaal en in 'n mate voorspel word hoe 'n student in 'n spesifieke studierigting sal presteer.

Volgens die '**Eersterustprojek Voorligtingsverrykingsprogram Opsommende Verslag**' (Malan, 1993:19) het die uitkoms van die resultate oor die algemeen daarop gewys, hoe laer die M-Telling is, hoe hoër is die betrokke slytasiekoers. Byvoorbeeld vir 'n M-telling van 5 is die slytasiekoers selfs so hoog as 60.0%. Die teenoorgestelde is ook waar: hoe hoër die M-Telling, hoe laer word die slytasiekoers, met 'n slytasie persentasie so laag as 1.7% vir 'n M-telling van 29. Die resultate van hierdie navorsing het daarop gedui dat studente met M-Tellings van 4 en 5 en studente wie se M-Tellings tussen 7 en 11 lê 'n groter kans staan om die universiteit te verlaat gedurende of aan die einde van hulle eerste studiejaar. Daarteenoor toon dié tabel aan dat studente met 'n M-Telling van 20, 22 tot 24 en 26 tot 27, weer 'n betekenisvol groter kans staan om ten minste hul eerstejaar te voltooi en met hul tweede studiejaar voort te gaan.

Die moontlike oplossing vir die hantering van studente met swak M-Tellings is dieselfde as vir studente met swak matriekprestasies, naamlik óf wegwysing óf konsultasie en ekstra klasse. Die M-Telling is gevolglik 'n bepalende faktor in die samestelling van die slytasiekoers (Malan, 1993:8, 11 & 19). Die algemene M-Tellings wat gevind is by die leerders en latere 41 studente aan die Universiteit van Pretoria wat aan die '**Voorligtingsverrykingsprogram**' deelgeneem het, was gemiddeld tussen 10 en 20 met enkele persone wat hoër of laer geresulteer het. Die studente wat nagraadse prestasies behaal het, het onderskeidelik hul universiteitstudies met die volgende M-Tellings begin: 13 vir die student met die MA. in Afrikaans, 18 vir die student met die graad LLB. en 9 vir die student met die BA. (HONS) in Staatsleer. Sommige studente het geresulteer met hoë M-Tellings, maar het ten spyte daarvan gestaak (22), 'n student met 'n M-Telling van 24 wat moes aansoek doen om hertoelating en ook 'n student met 'n M-Telling van 22 wat moes aansoek doen om hertoelating (Inligting beskikbaar gestel deur 'Departement Institusionele Navorsing', Universiteit van Pretoria, 1999).

### **5.3.5.3 'n Onderzoek na die invloed van 'n student se ouderdom**

Ten einde hierdie ontleding te kon doen was 'n student se ouderdom vir 1992 bereken volgens die **Eersterustprojek Voorligtingsverrykingsprogram Opsommende Verslag** (Malan, 1993:12). Tydens hierdie ontleding was daar slegs na 'n student se geboortejaar gekyk. Hierdie jaartal is dan van 1992 afgetrek om die student se ouderdom te bepaal. Die effek hiervan is dat 'n student wat byvoorbeeld in Januarie van 'n sekere jaar gebore is en 'n student wat in Desember van dieselfde jaar gebore is, as van 'n gelyke ouderdom geag word. Die resultate het daarop gedui dat 'n baie klein gedeelte van die waargenome studente in die 15 tot 17 en 24 tot 26 ouderdomsgroepe val. Daarteenoor was die aanduiding daar dat die oorgrote meerderheid van die studente in die ouderdomsgroep 18 tot 20 val. Die ouderdomsgroep 21 tot 23 het 'n hele aantal studente bevat. Die waarde van die ouderdomsgroep 27 jaar

en ouer is nie betekenisvol genoeg sodat afleidings gemaak kon word nie. Die grootste aantal en die kleinste slytasiekoers kom voor by die ouderdomsgroep 18 tot 20 voor (13.8%). Al die ander groepe se koerse is aansienlik hoër as die gemiddeld van 15.1%. Die slytasiekoers vir die 15 tot 17-groep was 50% en vir die 24 tot 26-groep was die koers 48.3% (Malan, 1993:12-13 & 20). Die gevolgtrekking volgens hierdie genoemde **Eersterustprojek Voorligtingsverrykingsprogram Opsommende Verslag** (Malan, 1993:12) was dat ouderdom nie 'n rol speel in die verhoging van die slytasiekoers nie.

Vervolgens sal moontlike redes vir bogenoemde groot slytasie-persentasies genoem word. Een moontlike rede vir 'n hoë uitsaksyfer by die ouer groepe is dat van hierdie studente reeds werk (hulle studeer dus deelyds) en dit moeilik vind om hulle studies by te hou en om toereikend te konsentreer. Moontlike oplossings vir hierdie genoemde probleme kan in die vorm van kursusse wees wat aangebied word in tydsbestuur of leermetodes en wat fokus op probleme wat hierdie ouer groep studente ondervind. Die jonger ouderdomsgroep (15 tot 17 jaar) se groep was klein en afleidings kon gevolglik moeilik gemaak word. Hierdie studente kon dalk probleme van 'n meer persoonlike aard ondervind het, byvoorbeeld die aanpassing by 'n meer volwasse portuurgroep (Malan, 1993:20).

#### **5.3.5.4 'n Onderzoek na die invloed van 'n student se geslag**

Die aantal mans en dames wat gestaak het, het met slegs 1.5% verskil en dit impliseer gevolglik dat manlike- en vroulike studente 'n gelyke deel van die nuweling eerstejaarsbevolking uitmaak. Hierdie faktor speel derhalwe geensins 'n rol in die student se besluit om die universiteit na die eerstejaar te verlaat nie (Malan, 1993:14 & 20).

#### **5.3.5.5 'n Onderzoek na die invloed van 'n student se bevolkingsgroep**

Gedurende 1993 was die Blanke studente die oorheersende groep, terwyl die ander bevolkingsgroepe in die minderheid was. Tydens 'n ondersoek van 1993 na die invloed van 'n student se bevolkingsgroep het dit geblyk dat die Bruinmense se slytasiekoers die laagste van die vier bevolkingsgroepe was. Net die Bruinstudente (11.4%) en die Blanke studente (14.9%) se slytasiekoerse was onder die gemiddelde koers van 15.1%. Die Indiër- en Swartstudente se slytasie koerse was onderskeidelik 21.1% en 34.6% (Malan, 1993:15).

Die vier opeenvolgende jare na 1993 (1995-1998) het volgens die **Eersterustprojek Voorligtingsverrykingsprogram Opsommende Verslag** (Malan, 1993:15) die volgende resultate opgelewer ten aansien van die slytasie van alle nuweling voorgraadse eerstejaarstudente se diploma- en graad-inskrywings voor 1 Augustus: Die Bruin-eerstejaars se slytasie voor 1 Augustus 1995 was 11.4%, die Indiërs-eerstejaars se slytasie vir dié betrokke jaar was 20.2%, die Swart-eerstejaars se slytasie vir 1995 was 5.8% en die Blanke eerstejaars se slytasie 5.7%. In 1996 was die Bruinmense se slytasie 8.1%,

die Indiërs-eerstejaars se slytasiekoers 18.6%, die Swart eerstejaarstudente se slytasiekoers 5.0% en die Blanke eerstejaarstudente se slytasiekoers 7.1%. In 1997 was die Bruinmense se slytasiekoers voor 1 Augustus 24.0%, die Indiër studente se koers 20.7%, die Swartstudente se koers 4.6% en die Blanke studente se koers 6.3%. In 1998 was die slytasiekoers 'n lae 3.3% by die Bruinmense, die Indiër eerstejaarsstudente se koers 11.3%, die Swartstudente se slytasiekoers 4.4% en Blanke eerstejaarstudente se slytasiekoers was 5.7%. (Die ontleding van die bevolkingsgroepe 1995-1998; Departement Institusionele Navorsing, Universiteit van Pretoria, 1999).

Die verskil in slytasiekoerse tussen die verskillende bevolkingsgroepe kan moontlik toegeskryf word aan kulturele verskille soos taal en gewoontes. Bevindings oor huistaal dui aan dat nie-Afrikaanssprekende studente hoër slytasiekoerse het as studente wat uit Afrikaanssprekende huise kom. Die meerderheid Bruinstudente is afkomstig uit Afrikaanssprekende gesinne en hul slytasiekoers was laag.

Tydens 1993 en derhalwe voor 1994 was 'n ander moontlike oorsaak vir die hoër uitvalkoers studente wat van verskillende bevolkingsgroepe ook uit verskillende onderwysdepartemente gekom het. Onderrig aan die Universiteit van Pretoria was 'n kontinuasie van die voortbou op die onderskeie Blanke onderwysdepartemente se sillabusse. Hierdie genoemde probleem was aangespreek deur oorbruggingskursusse (soos die Fakulteit Natuurwetenskappe se 'Projek Renaissance', vergelyk paragraaf 4.4.1) aan te bied vir studente uit ander onderwysdepartemente as die onderskeie Blanke onderwysdepartemente. Suid-Afrika het sedert 1994 se eerste demokratiese verkiesing net een gesamentlike onderwysdepartement vir al die bevolkingsgroepe en kan die verskillende onderwysdepartemente nie na 1994 as 'n rede vir hoër slytasiekoerse voorgelê word nie (Malan, 1993:21).

Die student se bevolkingsgroep het nie 'n uitermatige uitwerking op die slytasiekoers gehad nie en daarom is die student se bevolkingsgroep nie 'n belangrike faktor nie. Al die bevolkingsgroepe en veral die Bruin- en Indiërstudente moet na aanleiding van die afgelope drie jaar se slytasiekoerse gehelp word om hul individuele slytasiekoerse te verlaag. Hierdie probleem kan ook aangespreek word deur individuele en groepstudiemetode kursusse aan te bied (Malan, 1993:15 & 21)

#### **5.3.5.6 'n Onderzoek na die invloed van 'n student se huistaal**

In 1993 was die Afrikaanse studente die oorheersende groep in die sensus. Die Afrikaanssprekende eerstejaarstudente het 14.0% in 1993 die Universiteit verlaat, die Engelssprekende eerstejaarstudente het 19.0% die Universiteit verlaat, die Afrikaans/Engelssprekende eersterjaarstudente het 22.5% die Universiteit verlaat en van die ander het 19,8% die Universiteit verlaat. In totaal het 15.1% die Universiteit verlaat. Die Afrikaanse groep was die enigste groep wie se slytasiekoers onder die totaal van 15.1% was. Een moontlike rede vir die hoër uitvalkoers by die nie-Afrikaanssprekende studente was dat

van hierdie studente dit soms moeilik kon vind om by te hou, veral as moeilike onderwerpe in Afrikaans bespreek was (Malan, 1993:16 & 21). Veral die afgelope drie jaar is die taalprobleem deur die Universiteit van Pretoria aangespreek en word oor die algemeen alle studierigtings in Afrikaans en Engels aangebied. Huistaal is gevolglik 'n belangrike faktor in die ondersoek na slytasie onder eerstejaarstudente.

#### **5.3.5.7 'n Ondersoek na die invloed van diensplig**

Volgens die **'Eersterustprojek Voorligtingsverrykingsprogram Opsommende Verslag'** (Malan, 1993:17) het hierdie ondersoek slegs manlike studente se inligting behels en nasionale diensplig blyk wel 'n belangrike faktor te wees in die bepaling of 'n student met sy tweede jaar van studies sal voortgaan of nie. Uit die totaal van 15.8% het 20.0% van die manlike studente wel al hul diensplig verrig, teenoor die 14.6% wat nog nie hul diensplig verrig het nie. Die slytasiakoerse toon verder dat manlike studente wat reeds diensplig verrig het 'n swakker kans staan om met hulle tweede studiejaar aan te gaan.

Ten einde die redes te vind vir die swak uitvalkoers van manlike nuweling eerstejaarstudente wat reeds diensplig voltooi het, is problematies. Die verwagting by die aanvang van hierdie ondersoek was dat studente wat reeds diensplig voltooi het meer dissipline as ander studente sal toon en dus 'n laer slytasiakoers behoort te toon. Uit die gegewens soos in die vorige paragraaf genoem blyk dit nie die geval te wees nie (Malan, 1993:22)

#### **5.3.5.8 'n Ondersoek na die invloed van koshuisinwoning**

Die studente was ter wille van ondersoekdoeleindes as koshuis-inwoners getel, indien hulle vir enige tydperk gedurende 1992 in 'n universiteitskoshuis woonagtig was. Uit die gegewens het dit geblyk dat koshuisinwoning wel 'n belangrike rol blyk te gespeel het by die bepaling of 'n nuweling eerstejaar die universiteit gaan verlaat of nie. Die koshuisinwoners het 'n relatief kleiner deel van die nuweling eerstejaars uitgemaak as studente wat nie koshuisinwoners was nie (12.2%) teenoor die 16.9% wat nie koshuisinwoners was nie. Volgens die onderskeie slytasiakoerse wil dit voorkom of 'n koshuisstudent eerder sal voortgaan met sy tweedejaar as 'n student wat nie in 'n koshuis woonagtig was nie. 'n Moontlike rede vir die laer slytasiakoers by koshuisinwoners is, dat hierdie studente gekeur word voordat hulle tot 'n koshuis toegelaat word. Hierdie keuring geskied hoofsaaklik op grond van akademiese prestasie in graad 12 (die vorige matriek) en graad 11 (die vorige standaard 9). Koshuisinwoning word dus geïdentifiseer as 'n betekenisvolle faktor by die bepaling van 'n slytasiakoers (Malan, 1993:18 & 22).

## 5.4 Die terminering van die Universiteit van Pretoria se Onderwysverrykingsprojek te Eersterust

Die Universiteit van Pretoria se besprekingsdokument van 1998, “**Universiteit van Pretoria. Op pad na die nuwe millennium 1998-2001**” (Universiteit van Pretoria, 1998:14) wys daarop dat die Universiteit in die beoordeling van sy eie behoeftes teenoor die behoeftes van die gemeenskappe waarmee hy in interaksie is, altyd poog om op ‘n deursigtige en eties korrekte wyse op te tree. Hiermee word geïmpliseer eerlikheid met betrekking tot die Universiteit se kapasiteit om aan al die verwagtings van die gemeenskap te voldoen. Die Universiteit lewer diens aan die gemeenskap waar daar spesifieke behoeftes geïdentifiseer is. Indien die behoeftes volgens al die betrokke rolspelers nie meer figureer nie, sal die betrokke gemeenskapsdiensprojek nie meer voortgesit word nie, ten einde aan ‘n ander gemeenskapsdiensprojek aandag te skenk. Gevolglik het die Universiteit die besluit geneem om die Eersterustprojek en daarmee saam ook die ‘Voorligtingsverrykingsprogram’ te terminer, nadat Prosperitas Hoërskool net soos Eersterust Sekondêr Nommer Een vantevore, laat blyk het dat hulle nie meer die betrokkenheid van die genoemde Eersterustprojek benodig nie. Die hoof van Prosperitas Hoërskool het egter vir die voortsetting van die ‘Voorligtingsverrykingsprogram’ gepleit.

Die volgende redes is volgens Coetzee (Eersterustprojekleier) aangevoer vir terminering van die Eersterustprojek (Coetzee, 1996:1-2).

- ⌘ Die klasbywoning van die leerders het gaandeweg verswak sodat slegs ‘n beperkte aantal leerders die middagklasse bygewoon het.
- ⌘ Daar was weinig onderwysbetrokkenheid ten spyte van herhaaldelike mondelinge en skriftelike versoeke via die skoolhoof.
- ⌘ Die matriekuitslae het nie verbeter nie, of selfs verswak sodat geen betekenisvolle rendement getoon kan word nie (enige interpretasie was in elk geval ongeldig omdat so min leerders die klasse bygewoon het).
- ⌘ Onderwysers in sekere vakke het die leerders gedwing om hulle vakke op standaardgraad te neem om sodoende hulle slaagsyfers te verbeter. Sodoende was die doelstelling van universiteitstoelating gekelder.
- ⌘ Sanlam het hulle borgskap beëindig. Murray-Trust het die projek nog tot die einde van die projek ondersteun (tot 1996).
- ⌘ Die ‘Voorligtingsprogram’ se betrokkenheid by die laer standerds het nie die nodige rendemente opgelewer met betrekking tot die regte vakkeuses nie. Die leerders het steeds weggeskram van toepaslike vakkeuses (Coetzee, 1996:1-2).

## 5.5 SINTESE

Die noodsaaklikheid van dienslewering aan die gemeenskap deur tersiêre instansies soos die Universiteit van Pretoria is veral in Hoofstuk Een uitgewys (paragraaf 1.2). Die ‘Voorligtingsverrykingsprogram’ as ‘n gemeenskapsdiensprojek van die Universiteit van Pretoria aan die Eersterustgemeenskap, het sowel rendemente as nie toereikende aspekte opgelewer. In die onderhawige Hoofstuk (Vyf) is die Universiteit van Pretoria se ‘Voorligtingsverrykingsprogram’ in oënskou geneem. Hierdie program is bespreek ten aansien van die wetenskaplike navorsingsmetodes wat gevolg is en is ook geëvalueer, ten einde te bepaal of die programdoelwitte bereik is en of die program geslaag het in sy primêre doel as verbetering van studente uit Eersterust se akademiese prestasie op sekondêre en tersiêre vlak. Die rendemente én tekortkominge van die program is verantwoord en objektief uitgewys en sal in die volgende hoofstuk aangewend word om aanbevelings te maak vir soortgelyke programme wat in die toekoms geïmplementeer kan word. In die volgende en finale Hoofstuk Ses van dié studie gaan al die voorafgaande hoofstukke samevattend bespreek word. Gevolgtrekkings, implikasies en aanbevelings van die navorsing te Eersterust sal ook gemaak word.

## HOOFSTUK SES

### **SAMEVATTING, HIPOTESEVERIFIKASIE, GEVOLGTREKKINGS, IMPLIKASIES EN AANBEVELINGS VAN DIE STUDIE**

#### **6.1 INLEIDING**

Die vooraand van die nuwe millennium het aangebreek en daar het die afgelope dekade drastiese veranderings plaasgevind op tegnologiese en ander terreine en veral in die wêreld van werk. Die jeugdiges van die dag word gekonfronteer met die realisme van onder andere 'n hoë werkloosheidsyfer en 'n onsekere ekonomiese bestel in die land. Die oneweredige onderwysbesteding in die verlede ten koste van die Bruinmense, Swartmense en die Indiërs het veel gehelp om dié genoemde situasie ongunstig te versterk. Die implikasies hiervan is dat die sogenaamde benadeelde jeug soos die Bruinjeugdige tydens toetrede tot die tersiêre opleiding en –onderrig, dit dikwels problematies gevind het om aan die vereistes te voldoen wat die tersiêre instansies, soos die universiteit aan hulle stel.

As gevolg van 'n versoek van die eertydse skoolhoof van 'Eersterust Sekondêr Nommer Een' aan die Universiteit van Pretoria het die **Eersterustverrykingsprogram** en as intrinsieke deel daarvan die '**Voorligtingsverrykingsprogram**' sy ontstaan gehad. Diegene wat voornemende tersiêre kandidate en veral voornemende Universiteit van Pretoria kandidate blyk te wees, was voorberei vir die suksesvolle voltooiing van hul skoolloopbane en latere tersiêre opleiding. Die motivering was dat beter vakprestasies jeugdige sal help om aan keuringsvereistes vir sekere rigtings te voldoen en ook die oorskakeling van skool na universiteit of technikon te vergemaklik.

Hierdie hulpverlening van die Universiteit van Pretoria het die volgende behels: vakhulp aan die matrikulante ten aansien van probleemvakke soos byvoorbeeld wiskunde en wetenskap, hulp aan die onderwysers ten aansien van hulle onderrigvaardighede, loopbaankeuse en vakkeuse hulp deur middel van psigometrieë assessering (loopbaanbeplanning en –ontwikkeling), studiemetodes en studieoriënteringshulp, entrepreneursontwikkeling, opleiding in lewenskundighede en -vaardighede en reëlins was telkens getref om finansiële steun te verkry vir jeugdige met besondere potensiaal.

### **6.1.1 Doel met die studie**

Die hoofdoelwit van hierdie studie is om te bepaal in watter mate die ‘Voorligtingsverrykingsprogram’ daarin geslaag het om vanuit ‘n voorligtings- en beradingperspektief die voornemende studente aan tersiêre instansies en veral aan die Universiteit van Pretoria voor te berei vir die veeleisende tersiêre opleiding en -onderrig en die veeleisende wêreld van werk. Die navorser het gepoog om op ‘n wetenskaplike en verantwoorde wyse die waarde en suksesvolheid, al dan nie, van die program te bepaal.

In hierdie hoofstuk word al die hoofstukke kortliks bespreek. Gevolgtrekkings word gemaak en die implikasies daarvan sal bespreek word. Aanbevelings vir toekomstige en verdere navorsing sal ook prioriteit geniet.

## **6.2 SAMEVATTING MET DIE OOG OP AANBEVELINGS**

Die verloop van die studie word vervolgens bespreek deurdat elke hoofstuk se inhoud kortliks saamgevat word.

### **6.2.1 Hoofstuk Een**

Ten einde perspektief te kry en tot begrip te kom van die verskynsel wat ondersoek word, naamlik, “‘n Evaluering van die Universiteit van Pretoria se voorligtingsverrykingsprogram te Eersterust” is in hierdie hoofstuk die titel en enkele begrippe verhelder. Daarna is oorgegaan tot titel- en begripsverheldering, probleemstelling en voortvloeiend uit voorgenoemde is bepaalde hipoteses geformuleer, waarna tot doelformulering, metodologiese verantwoording en programaankondiging gekom is.

Die probleem van hierdie studie is essensieel geleë in die Universiteit van Pretoria se versoek tot ‘n gemeenskapsdiensprojek te Eersterust. Die doelwit wat gestel was, is die verryking van die onderwys en al die rolspelers by die twee sekondêre skole en uiteindelik die verryking van die opvoeding van die gemeenskap as sodanig. Die ‘Voorligtingsverrykingsprogram’ as intrinsieke deel van die oorhoofse projek (die Onderwysverrykingsprogram) het ten doel gehad die bied van voorligting en berading aan voornemende kandidate van tersiêre instellings en dan veral voornemende Universiteit van Pretoria kandidate, ten einde moontlike verbeterde toetrede tot na-skoolse opleiding te behaal en latere moontlike suksesvolle loopbane en beroepslewens.

Die ondersoeker poog om deur middel van hierdie studie beslag te gee aan die evaluering van ‘n voorligtingsverrykingsprogram deur die Universiteit van Pretoria te Eersterust. Hierdie program is



geïmplementeer, uitgetoets, aangepas en verander in die akademiese jare van 1989-1996. Dié genoemde program is deur die verloop van hierdie studie belig en geëvalueer.

## **6.2.2 Hoofstuk Twee**

In hierdie hoofstuk is daar gepoog om 'n historiese- en hedendaagse skou te bied oor die agtergrond van die Bruinmens. Die herkoms van die Bruinmens is belig en die Eersterust-jeugdige is beskou vanuit sy leefwêreld: Hy is 'n puber en adolessent, wat ook fisiologiese-, kognitiewe-, normatiewe-, sosiale- en religieuse ontwikkeling beleef. Dié Bruinjeugdige se leefwêreld bestaan ook uit die sosio-ekonomiese en sosio-politiese wêreld waarin hy daagliks leef en dié betrokke jeugdige se beleweniswêreld is kortliks belig. Die Eersterust-jeugdige as sekondêre skoolkind se behoeftes is bespreek, wat insluit die algemene behoeftes van die jeug, asook die skoolvoorligtingsbehoefte van die Bruinjeugdige.

Die tipiese samelewingstendense en maatskaplike probleme wat presenter in Eersterust en wat 'n ongunstige impak op die algemene geestelike welsyn van dié gemeenskap het, is bespreek naamlik, drank, dwelms, misdaad, werkloosheid, vroeë skoolverlating, buite-egtelikheid, huweliks- en gesinsprobleme, tekort aan voldoende behuising en tekort aan konstruktiewe vryetydsbesteding. Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat al die bogenoemde aspekte in ag geneem word en in konteks beskou behoort te word, as daar verantwoord verwys wil word na die Eersterust-jeugdige wat deel gehad het aan die 'Voorligtingsverrykingsprogram'.

## **6.2.3 Hoofstuk Drie**

Hierdie hoofstuk bied 'n oorsig en beskrywing van die onderwysinhoud en die onderwysvoorsiening aan die Bruinkind. Die ontwikkeling van voorligting aan die Bruinjeugdige en verskeie persone wat 'n bydrae gelewer het, is ook bespreek. Die hedendaagse benadering en voorsieningssituasie van onderwys en voorligting aan die Bruinjeugdige in die sekondêre hoërskoolfase is belig en daar is op gewys dat die resente benadering multikulturaliteit impliseer, ten einde in voeling te wees met die Suid-Afrika van die dag. Die nasionale rigtingwysers en resente dokumente van sekondêre onderwys en -opleiding is gevolglik bespreek as resente aanwysers van die onderwys- en voorligtingsituasie. Die huidige en toekomstige voorligtingsbenadering wat betrekking het op alle Suid-Afrikaners, is bespreek en veral met verwysing na die implikasies vir voorligtingsprogramme en spesifiek voorligtingsverrykingsprogramme. Opleiding in relevante vaardighede is sentraal in die aanbevelings in al die onderskeie dokumente en die skep van 'n vaardigheidskultuur word benadruk.

Uit hierdie hoofstuk blyk dat die onderwys- en voorligtingsituasie van die Bruinjeugdige noodwendig moes verander nadat daar voorheen teenoor onder andere die Bruinmense gediskrimineer is in terme van onderwys- en voorligtingsvoorsiening. Die veranderings wat veral ná 1994 plaasgevind het, moes in pas wees met die veranderende politieke situasie in Suid-Afrika. Volgens dié genoemde dokumente het

almal in Suid-Afrika en veral die jeug 'n reg om hul volle menslike potensiaal te ontwikkel en 'n bydrae te lewer to die opbou van 'n regverdige, demokratiese en vooruitstrewende samelewing en ekonomie. Die Bruinjeugdige se spesifieke onderwys- en voorligtingsbehoefte behoort dus meer effektief in die toekoms deur belanghebbendes aangespreek te word.

Na aanleiding van hierdie en die voorafgaande hoofstuk se besprekings van wesenlike probleme waarmee die Bruinmense en dan spesifiek die jeugdige in Eersterust gekonfronteer word, kan gekonstateer word dat dit 'n aanduiding is van hierdie betrokke jeugdige se aangewesenheid op voorligting en berading.

#### **6.2.4 Hoofstuk Vier**

Die doel van hierdie hoofstuk is eerstens om die nodige agtergrond te bied aangaande die 'Voorligtingsverrykingsprogram', alvorens die program in volledige besonderhede bespreek is. Die agtergrond het die volgende belangrike aspekte behels naamlik, die ontstaanrede van die Eersterustonderwysverrykingsprogram, die inisieerders van die program en die betrokke rolspelers. Die rasionaal onderliggend aan die Eersterustonderwysverrykingsprogram is gestel en uitvloeiend hieruit die in konteksplasing van die 'Voorligtingsverrykingsprogram' as intrinsieke deel daarvan. Die 'Voorligtingsverrykingsprogram' se programdoelwitte is uitgewys en die makrostruktuur is bespreek. Tydens die bespreking van die makrostruktuur is daar klem geplaas op wie die jaargroepe gevorm het van die 'Voorligtingsverrykingsprogram' en die metodes en geskikte persoons- en loopbaanverkenningmedia wat aangewend was om persoonsverkenning te werk te gaan. Die doel was om die mees geskikte voorligtingsdiens en waar nodig geag is, beradingsdiens te kon bied met die oog op die finale keuse en loopbaanbeplanning van die jeugdige.

Die 'Voorligtingsverrykingsprogram' se programverloop, -inhoud en -aktiwiteite is bespreek en in terme van die jaargroepe van die jare 1989-1996. Tydens die besprekings van dié betrokke jaargroepe is die besondere persoons- en loopbaanverkenningmedia bespreek van die seuns en dogters wat aan die program deelgeneem het. Telkens is aanbevelings gemaak, enersyds vir elke jaargroep en andersyds ook vir elke individu van die betrokke jaargroep. Die 41 Eersterust-jeugdige wat tersiêre studies aan die Universteit van Pretoria kom onderneem het, se spesifieke loopbaankeuses en vordering is uitgewys en belig.

#### **6.2.5 Hoofstuk Vyf**

In hierdie hoofstuk is ondersoek ingestel na die wetenskaplike navorsingsmetodes wat aangewend is tydens die 'Voorligtingsverrykingsprogram' se implementering en ná afloop van die program. Die kwalitatiewe- of kwantitatiewe navorsingsmetode is beskryf en hoe dit in die studie aangewend is. Die

begrip triangulasie is bespreek en impliseer die samesmelting van twee of meer metodes wat mekaar komplementeer. Die doelwitte wat in Hoofstuk Een gestel is, is nou beoordeel in terme van die realisering daarvan. Die program is vervolgens geëvalueer en die positiewe en minder positiewe uitkomst is uitgelig, asook die rendemente wat die program opgelewer het.

Die voorligtings- en beradingsingrepe in die lewens van die jeugdige te Eersterust is bepaal deur middel van 'n waardebeoordeling. In 1993 was daar ondersoek ingestel na die slytasie van studente aan die Universiteit van Pretoria en met in agneming van die volgende faktore: die gemiddelde matrieksimbool, die student se M-telling, die ouderdom van die student, die betrokke student se geslag, die student se bevolkingsgroep, die student se huistaal en of die student van die Universiteit se koshuisinwoning gebruik gemaak het. Die redes vir die terminering van dié betrokke gemeenskapsdiensprojek is laastens aangevoer in hierdie hoofstuk.

### **6.3 VERSLAG VAN HIPOTESEVERIFIKASIE (-toetsing)**

In hierdie studie is tot hipoteseverifikasie (-toetsing) gekom deur die fenomenologiese verifikasie van die hipotese self (vergelyk hipoteseformulering paragraaf 1.5) en andersyds is dit geverifieer aan die hand van geskikte navorsingsprosedures (vergelyk paragrawe 1.7 en 5.2).

Die oorkoepelende hipotese van hierdie studie is naamlik dat die 'Voorligtingsverrykingsprogram' vir voornemende Universiteit van Pretoria kandidate noodsaaklik is, om die vervreemding te oorbrug tussen skoolopleiding, die universiteitsopleiding en die wêreld van werk, word in die lig van die aanvaarding van die verfynde hipotesestellings (soos gestel in paragraaf 1.5) in sy geheel aanvaar.

Die meeste van die voornemende UP-kandidate se behoeftes aan voorligting en berading was gevolglik aangespreek en is al drie die hipoteses (soos geformuleer in paragrawe 1.5.1-1.5.3) aangespreek. Dié genoemde hipoteses is naamlik, die voorligtingsbehoefte van die Eersterust-jeugdige was geverifieer tydens die onderhawige program aangesien elkeen van die jeugdige wat aan dié program deelgeneem het tot sinvolle en optimale selforiëntering in hul loopbaanlewens, loopbaankeuses en loopbaanbeoefening begelei was. Gevolglik was die oorkoepelende voorligtings- en beradingsdoel geverifieer. Aangesien die 'Voorligtingsverrykingsprogram' van die Universiteit van Pretoria 'n geïntegreerde benadering was, blyk dit die mees geskikte program te wees wat die besondere voorligtingsbehoefte van die Eersterust-jeugdige aangespreek het. Aangesien gepoog was om optimaal die besondere behoeftes van die Eersterust-jeugdige aan te spreek, het die 'Voorligtingsverrykingsprogram' tot steungewing en ter voorbereiding vir die toetreding tot na-skoolse (tersiêre) opleiding gedien en om die kwaliteit van die opleiding te verbeter. Op dié wyse was gepoog om die betrokke Eersterust-jeugdige beter voor te berei vir die vinnig veranderende en veeleisende

wêreld van werk. Die probleemstellings en die hipotese wat vir elk vooropgestel is, is gevolglik telkens aangespreek in die onderskeie hoofstukke. Sodoende is die voorlopige antwoordgewing telkens geverifieer aan die hand van inhoudgewing en aan die hand van geskikte navorsingsprosedures. Vervolgens sal gefokus word op die gevolgtrekkings en implikasies van hierdie studie.

## 6.4 GEVOLGTREKKINGS

In die lig van die literatuur- en empiriese bevindings wat in die voorafgaande paragrawe samevattend weergegee is, kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

- \* Van die ongeveer 210 standerd tien voornemende Universiteit van Pretoria-kandidate wat deelgeneem het aan die 'Voorligtingsverrykingsprogram', het 41 jeugdige aan die Universiteit van Pretoria kom studeer. Tot en met Desember 1998 het vyftien van dié genoemde 41 jeugdige grade aan die Universiteit van Pretoria behaal en vier van hierdie studente het hulle nagraadse studies suksesvol voltooi. Die rasionaal van die 'Voorligtingsverrykingsprogram' was om voornemende UP-kandidate vir hulle tersiêre studies en veral die universiteitstudies as sodanig voor te berei. Hierdie doelwit het enersyds gerealiseer ten aansien van die 41 jeugdige wat aan UP kom studeer het en andersyds kan gekonstateer word dat 'n klein hoeveelheid (41 van 210) van die voornemende UP-kandidate wat deelgeneem het aan die program, wel aan die Universiteit van Pretoria kom studeer het.
- \* Die 'Voorligtingsverrykingsprogram' het positiewe rendemente, sowel as nie-toereikende aspekte opgelewer (vergelyk paragraaf 5.3.2). Die voornemende UP-kandidate het byvoorbeeld meer sinvolle studierigtingskeuses gemaak en was goed ingelig oor die Universiteit van Pretoria en was 'n positiewe houdingsingesteldheid teenoor laasgenoemde instansie bevorder. Die ontoereikende aspekte van dié program behels, die swak bywoning van die kandidate aan die program, asook weinig onderwysbetrokkenheid.
- \* Die 'Voorligtingsverrykingsprogram' het samewerking genoodsaak tussen die onderskeie rolspelers. Aangesien daar nie altyd die nodige samewerking plaasgevind het, veral vanaf onderwysgeledere nie, kon die doel van die projek nie altyd toereikend bereik word nie. Gevolglik kon die effektiwiteit van die ingrepe in die voornemende UP-kandidate se lewens ontoereikend beïnvloed word, asook die uitkomste van die resultate. Sanlam het sy borgskap in 1996 beëindig en het die betrokke departement, naamlik 'Departement Opvoedkundige Voorligting en Berading' besluit om die Eersterustprojek en daarmee saam die 'Voorligtingsverrykingsprogram' te terminer as gemeenskapsdiens deur die Universiteit van

Pretoria in Eersterust. Die lewensduur van die program was sodoende gedeeltelik ongunstig beïnvloed deur onvoldoende samewerking tussen die belangrike rolspelers.

- \* Die persoons- en loopbaanverkenningmedia wat ingeskakel was tydens die program, het bestaan uit gestandaardiseerde-, asook ongestandaardiseerde media. Gevolglik was gepoog om 'n verantwoorde persoonsbeeld van die jeugdiges te verkry, met betrekking tot belangstelling, aanleg, persoonlikheid, studieoriëntering en -metodes, lewensopvatlikheid en lewenskundigheid en lewensvaardigheid. Die ingrepe in dié betrokke jeugdiges se lewens het gesprek van daadwerklike bemoeienis met die voornemende kandidate se loopbaantoekoms en hul rol daarin as lewens- en multivaardige individue. Die bemoeienis het behels, naamlik entrepreneursontwikkeling, die verwysing van kandidate met besondere potensiaal na deelname aan 'Projek Renaissance' en die reël van aansoeke om prestasietoekennings en finansiële steun vir kandidate met potensiaal en besondere moontlikhede.
- \* Die Lewenskundighede- en lewensvaardighede vraelys was elke jaar telkens ingeskakel as deel van die persoons- en loopbaanverkenningmedia. Uit die resultate van die agt jaar wat die programverloop gekenmerk het, het elk van die twee sekondêre skole te Eersterust se betrokke jaargroepe getoon dat daar 'n besondere behoefte bestaan het aan voorligting vir loopbaanbeplanning en -ontwikkeling. Die tweede grootste behoefte het geblyk aan voorligting rakende gemeenskaps- en sosiale ontwikkeling en die derde behoefte het oor die algemeen aan voorligting en berading oor selfbestuur bestaan. Die gevolgtrekking kan gevolglik gemaak word dat die gestandaardiseerde- en ongestandaardiseerde persoons- en loopbaanverkenningmedia wat deur die programaanbieder ingeskakel was, betroubaar en geldig was, aangesien dit die behoeftes van die betrokke voornemende UP-kandidate aangespreek het. Nadat die behoefte aan loopbaanbeplanning en -ontwikkeling geïdentifiseer was, kon die probleemareas by elke spesifieke kandidaat aangespreek word deur berading en verdere bemoeienis.
- \* Hierdie studie het aan die lig gebring dat die programaanbieder deeglik ingelig en welbekend behoort te wees aangaande die teikengroep se kulturele, sosio-ekonomiese en opvoedkundige agtergrond en veral as daar multikulturele intervensie plaasgevind het, soos tydens hierdie program onder bespreking (vergelyk paragraaf 3.3.1.1). Soos bespreek in paragraaf 2.3 is die Bruinmense se kultuurhistoriese agtergrond dié van 'n vermenging van 'n veelheid van rasse wat die Bruinbevolking gevorm het. Volgens Williams (1982:24) is die Bruinmense in Suid-Afrika 'n heterogene groep mense met verskillende en uiteenlopende behoeftes, maar homogeen in dié sin dat hulle Westers-georiënteerd is. Alhoewel sowel die programaanbieder as die oorgrote groep Bruinmense 'n Westerse paradigma het, is die moontlikheid groot dat daar wel andersdenkendheid en kultuurverskille aangaande belangrike standpunte soos norme en waardes kan wees. Die betrokke navorser en programaanbieder behoort gevolglik

kultuursensitief te wees en daarop let dat vooroordeel nie plaasvind en sodoende die navorsingsuitkomst en resultate beïnvloed en benadeel nie.

- \* Die verloop van die ‘Voorligtingsverrykingsprogram’ was voortdurend gemonitor en geëvalueer by wyse van navorsingsprojekte. Op hierdie formatiewe evalueringswyse kon aanpassings en veranderings deurentyd in die program aangebring word. As voorbeeld kan genoem word dat die Hoërskoolbelangstellingsvraelys (HSB) later vervang was met die Selfondersoekvraelys (SOV) aangesien daar deur die programaanbieder bevind was dat die tellings van eersgenoemde media onbetroubaar was en nie geassesseer het wat dit veronderstel was om te doen nie. Die Algemene Skolastiese Aanlegtoets (ASAT) se aanvanklike norms (vir nie-milieugestremde leerders) was ook vervang met die norms vir milieugestremde leerders, omrede die betroubaarheid van eersgenoemde in twyfel getrek was deur die programaanbieder (vergelyk paragraaf 4.4). Die norms van dié betrokke aanlegtoets was dus vervang en aangepas.

## 6.5 DIE IMPLIKASIES VAN DIE STUDIE

- ◆ In hierdie studie is die ‘Voorligtingsverrykingsprogram’ wat die Universiteit van Pretoria aan die Eersterust-jeugdige gelewer het beskryf, ondersoek en laastens geëvalueer. Die bevindings van dié studie kan daartoe bydra dat daar toevoeging van waarde is vir soortgelyke voorligtingsverrykingsprogramme wat in die toekoms onderneem sou word.
- ◆ As gevolg van hierdie spesifieke navorsing en verskeie ander studies, is die diens wat die universiteite en spesifiek die Universiteit van Pretoria kan lewer in terme van ‘n opvoedings- en vormingsfunksie en veral ten aansien van gemeenskapsdiens weer belangrik, deurskou en geëvalueer. Op hierdie wyse kon die sukses en sinvolheid van voorligtingsverrykingsprogramme bepaal word, ten einde by te dra tot die besluitneming of ‘n soortgelyke navorsingsprojek in die toekoms geïnisieer moet word, al dan nie.
- ◆ Hierdie studie het beklemtoon dat daar steeds en moontlik meer as ooit vantevore in Suid-Afrika, ‘n behoefte bestaan aan onderwysverrykingsprogramme en aan voorligting en berading (voorligtingsverrykingsprogramme) onder die milieu-benadeelde bevolkingsgroepe en gemeenskappe soos die Bruinmense en spesifiek die Bruinjeugdige te Eersterust. ‘n Gemeenskap soos Eersterust het vanweë ‘n geskiedenis van deprivasie as gevolg van die vorige politieke bestel, nie toereikende onderwys- en voorligtingsgeleenthede ontvang nie (vergelyk paragrawe 3.2.1 en 3.2.2).

- ◆ 'n 'Voorligtingsverrykingsprogram' soos geïmplementeer deur die Universiteit van Pretoria as 'n gemeenskapsprojek, het gepoog om die gemeenskap te bemagtig deurdat voorligtings- en beradingshulp aan die jeugdige as die toekomstige gemeenskapsleiers en selfs moontlike toekomstige landsleiers gebied is. Die voornemende UP-kandidate het voorligting en berading ontvang, ten einde die korrekte vak- en loopbaankeuses te kon maak en sodoende beter voorbereid te wees vir die eise van die een-en-twintigste eeu en om die wêreld van werk te kan hanteer. Sodoende het toevoeging van waarde plaasgevind, aangesien gepoog was om vir hierdie betrokke jeugdige 'n hoopvoller toekoms en 'n bestendige en uitdagende loopbaantoe-koms met gelyke geleenthede vir almal te bied.
- ◆ Die implikasies van 'n multikulturele studie en hulpverlening soos die 'Voorligtingsverrykingsprogram', is dat die programaanbieder daarop bedag moet wees dat dit noodsaaklik is om die nodige opleiding in multikulturele vaardighede te verkry en dan veral die spesifieke kultuur waarvoor navorsing gedoen word. Op dié wyse kan waarheidsgetroue navorsing plaasvind wat as betroubaar en geldig beskou kan word.

Vervolgens sal gefokus word op die aanbevelings wat voortspruit uit die vooraf gesinteseerde bevindings van hierdie navorsing.

## **6.6 AANBEVELINGS**

### **6.6.1 Aanbevelings vir moontlike programbevordering**

- Hulpverleningsprogramme moet kontraktueel met alle belanghebbendes aangegaan en bestuur word, ten einde die samewerking onderling te verbeter en gevolglik die effektiwiteit van die program as sodanig te verbeter. 'n Vennootskap moet aangegaan word en elke lid van dié vennootskap moet hulle verpligtinge nakom, ten einde die kontrak te eerbiedig.
- Eksterne faktore, soos die gesindheid van die deelgenote aan die program en die dissipline by die betrokke skool, speel ondermeer 'n rol by kwaliteit betrokkenheid. Gevolglik behoort van die staanspoor af aandag geskenk te word aan die eksterne faktore soos onderwysersamewerking en ook dié van die kandidate wat deelneem aan die program. Vooraf en tydens die programverloop moet daar gepoog word om die sinvolheid van die betrokke program te promoveer en om alle belanghebbendes se aandag gefokus te hou. Die kandidate in die besonder moet hulle verantwoordelikheid jeens die betrokke program en hul deelname aan die vennootskap besef en die moontlike dividende wat opgelewer kan word, sou hulle hul voortdurende positiewe samewerking verleen.

- Hulpverleningsprogramme het 'n bepaalde "leeftyd" waarin dit afgehandel moet word en dan behoort dit getermineer te word, ten einde ander programme aan te pak en sodoende diens te lewer op 'n deurlopende basis. Indien dit blyk dat daar nie meer belangstelling en samewerking van een of meer van die partye vir die voortgang van die program is nie, behoort dit beëindig te word sodat ander programme prioriteit kan geniet. 'n Bydraende faktor tot die terminering van die Eersterustonderwysverrykingsprogram en daarmee saam die 'Voorligtingsverrykingsprogram' was nadat die skoolhoof van 'Eersterust Sekondêr Nommer Een' laat blyk het dat die betrokke skool nie meer wil deelneem aan die projek nie.
- Die beginsel van "ontvoogding" moet voortdurend in ag geneem word. Die programaanbieders behoort die deelnemers aan die program in so 'n mate te bemagtig dat nadat die programdoelwitte binne 'n redelike tyd suksesvol behaal is, die programdeelnemers onafhanklik verder behoort te kan funksioneer, met slegs indien nodig, 'n ondersteunings- en adviserende diensnetwerk afkomstig van die programaanbieders.

### 6.6.2 Aanbevelings vir verdere navorsing

- Die Universiteit van Pretoria behoort in die toekoms soortgelyke programme as die Onderwysverrykingsprogram en intrinsiek deel daarvan, die 'Voorligtingsverrykingsprogram' te inisieer. Op hierdie wyse vind deurlopende navorsing plaas en ook ingrepe in die lewens van milieu-benadeelde gemeenskappe deurdat die jeug die geleentheid kry om bemagtig te word vir 'n moontlik veeleisende toekoms. Die bemagtigingsproses vind plaas deurdat die betrokke jeugdiges as gevolg van gepaste voorligting en berading wat hulle ontvang het, hul plek kan volstaan in die toenemende veeleisende arbeidsmark en die wêreld van werk. Hierdie betrokke jeugdiges het moontlik nie deelgehad aan slytasie van 'n tersiêre instelling nie (vergelyk paragraaf 5.3.5). Die gevolge hiervan kan moontlik eskaleer tot 'n bydraende faktor van welvaart vir almal in Suid-Afrika op ekonomiese gebied maar ook vir geestesgesondheid, waar die jeug tot lewensvaardige en gebalanseerde volwassenes kan ontwikkel.
- Die opleiding van alle loopbaanoriënteurs en opvoedkundige-sielkundiges in Suid-Afrika moet gekontekstualiseer word vir die eiesoortige Suid-Afrikaanse diverse en mobiele samelewing en nie net geskoei wees op die tradisionele Amerikaanse- en Europese hulpverleningsmodelle nie. Opleiding moet gevolglik vir alle hulpverleners geskied vanuit multikulturalisme en hierdie tipe opleiding behoort 'n prioriteit vir elke huidige en toekomstige hulpverlener te wees. Die persoons- en loopbaanverkenningmedia (gestandaardiseer en ongestandaardiseer) wat as voorligtings- en beradingsmedia gebruik word in multikulturele hulpverleningsituasies, behoort kultuurtoepaslik en kultuur- en taalsensitief te wees (vergelyk paragraaf 5.3.4).



- Hiermee word aanbeveel dat verdere beroepsoriënterings- en opvoedkundige-sielkundige navorsing onderneem word, met betrekking tot kruiskulturele- en multikulturele navorsing en –berading. Soortgelyke voorligtingsverrykingsprogramme wat onderneem sou word se nut en geldigheid moet in oorleg met hierdie navorsingspoging gesien en aangepas word waar die nodigheid blyk.
  
- Gekoördineerde spannavorsingsprojekte gerig op die verskynsel van voorligtingsverryking vir milieu-benadeelde jeugdige kan gesamentlik uitgevoer word deur die volgende moontlike instellings:
  - Die onderskeie universiteite (Die onderskeie fakulteite: Afdeling: Voorligting en Berading, Afdeling: Studente ontwikkeling en Studenteburo's en Afdeling: Bemaking en Voornemende Studie).
  - Die Raad vir Geesteswetenskaplike navorsing.
  - Project Youth Outreach.

## 6.7 TEN SLOTTE

Die 'Voorligtingsverrykingsprogram' het in die bestek van die agt jaar wat dit aangebied was, meer gunstige insette en dividende opgelewer as ongunstige aspekte en programmisliping. Dié program getuig van toepaslikheid, deeglikheid, keurigheid, innoverende vermoëns en professionele bemoeienis met die betrokke jeugdige. Die Individuele profielverslae en die jaarverslae wat jaarliks saamgestel was, getuig van professionaliteit met volledige uiteensettings en kan as voorbeeld dien vir toekomstige soortgelyke voorligtingsprogramme.

In die dokument "**Raamwerk vir strategiese beplanning, 1993-1997**" van die Universiteit van Pretoria word 'n hoofkenmerk van die Universiteit uitgesonder, naamlik dat die Universiteit hom in sy positionering moet rig op die problematiek van 'n snelveranderende maatskaplike bestel waarin 'n behoefte bestaan aan welvaartskepping, opheffing en opleiding (vergelyk paragraaf 1.1). Die Universiteit van Pretoria het met die gemeenskapsdiensprojek te Eersterust gepoog om deur gebruikmaking van kundige en bekwame persone, die betrokke Eersterust-jeugdige te bemagtig vir die toekoms. Hierdie bemagtigingspoging het deur middel van die Onderwysverrykingsprogram en die 'Voorligtingsverrykingsprogram' wat ondersteunend was tot die eersgenoemde program (die akademiese verrykingsprogram) plaasgevind. Die primêre doelwit van die projek was die voorbereiding van die betrokke jeugdige vir opleiding in die tersiêre wêreld met al die gepaardgaande eise wat aan die jeugdige gestel word.

Die Eersterust-jeugdige is oor die algemeen die produklewering van 'n samelewing waar talle maatskaplike- en onderwysprobleme die jeugdige in die verlede op alle gebiede gerem het en tans nog steeds doen. Die Eersterustprojek en veral die 'Voorligtingsverrykingsprogram' het deur verantwoorde voorligting en berading gepoog om die onsekerheid en uitsigloosheid aangaande loopbaankeusemaking aan te spreek. Die insette, ingrepe en langtermyn doelwit in elkeen van dié betrokke Eersterust jeugdige se lewens, was 'n poging om uiteindelik 'n bydrae te lewer tot die opheffing, opleiding en moontlike welvaartskepping vir elkeen wat deel gehad het aan die projek en die 'Voorligtingsverrykingsprogram'. Die implikasies hiervan kan uiteindelik van kardinale landsbelang wees, indien hierdie Eersterust-jeugdige bydraes kan lewer tot die groter snelveranderende maatskaplike bestel en die ekonomiese gesitueerdheid in die land.